higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STAATSBESTUUR
NKR VLAK 3

8 Desember 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES AAN NASIENERS

1. Sien al die vrae na.

2. Volg die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

3. Gebruik slegs ’n rooi pen.

4. Maak jou regmerkies en kruisies netjies en leesbaar.

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 1.1.1 Horisontale
1.1.2 Hiërargiese
(2 × 1) (2)

1.2 1.2.1 Gesag
1.2.2 Openbare
1.2.3 Stabiliteit
(3 × 1) (3)
[5]

VRAAG 2

Aantekening aan die nasiener:
Lees asseblief die vraag en antwoord tesame. Enige toepaslike redenasie wat onwaar stellings verkeerd bewys, is aanvaarbaar. Om direk uit die vraestel te kopieer word nie as stawing vir die antwoord beskou nie.

2.1 Waar (1)

2.2 Onwaar
Die President word kragtens artikel 86 van die Grondwet verkies. (2)

2.3 Waar (1)

2.4 Waar (1)

2.5 Onwaar
Eskom is ’n onderneming in staatsbesit of semistaatsinstelling en nie ’n Hoofstuk 9-instelling nie. (2)

2.6 Waar (1)

2.7 Onwaar
Konings en koninginne word ingevolge die Wet op Tradisionele Leierskap as tradisionele leiers beskou. (2)

2.8 Onwaar
Sektorpolisiëring is ’n polisiëringsmetode wat in ’n kleiner, hanteerbare geografiese sektor in ’n polisiekantoorgebied gebruik word. (2)

2.9 Onwaar
Diagonaal verwys na verskillende vlakke oor gesagslyne of -funksies heen. Op dieselfde vlak dui op horisontaal. (2)

2.10 Waar (1)
[15]

VRAAG 3

3.1 D
3.2 B
3.3 G
3.4 J
3.5 I
3.6 C
3.7 E
3.8 F
3.9 H
3.10 A

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1
- Maatskaplike buitestaatlike betrekkinge
- Politieke buitestaatlike betrekkinge
- Ekonomiese buitestaatlike betrekkinge
- Institusionele buitestaatlike betrekkinge
- Elite buitestaatlike betrekkinge (Enige 3 × 1) (3)

4.2
- 8 metropolitaanse munisipaliteite
- 44 distriksmunisipaliteite
- 205 plaaslike munisipaliteite (3)

4.3 ’n Wyksraadslid word regstreeks verkies om die mense in ’n spesifieke wyk te verteenwoordig en te dien. (1)

4.4
- Dit is noodsaaklik vir die totstandkoming van ’n hiërargie van gesag en die vestiging van verantwoordbaarheid en verantwoordelikheid.
- Dit maak die verreikende delegering van magte moontlik wat in die meeste staatsinstellings plaasvind.
- Dit maak beheer van die beleid en besluite van ’n hoër gesag wat uitgevoer moet word, moontlik, asook die toewysing van hulpbronne wat effektief aangewend moet word om die doelstellings van die instelling te bereik. (3)

[10]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1
- Premier
- Uitvoerende raad
- Provinsiale funksionele departemente (3)

5.2
- Die handhawing van wet en orde
- Die verdediging van die samelewing teen eksterne vyande
- Die bevordering van die welstand van die groep, gemeenskap, samelewing of staat (3)

5.3
- Die voorkoming en bestryding van misdaad
- Misdaadondersoek
- Die beveiliging van lewe en eiendom
- Die handhawing van interne stabiliteit en veiligheid (4)

[10]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

6.1 ’n GPF is ’n forum of plek waar lede van die polisie en die gemeenskap byeenkom om te identifiseer watter misdaadverwante probleme daardie gebied ervaar en dit te bespreek, en gesamentlik oplossings vir hierdie probleme te vind. (2)

6.2
- Die stasiekommissaris van ’n stasiegebied
- Enkele van die stasiekommissaris se lede, gewoonlik die beampte in beheer van misdaadvoorkoming
- Lede van die publiek wat in daardie gebied woon (3)

6.3 Die GVF’s se benadering is breër as dié van die GPF aangesien dit die reaksies insluit van al die afdelings in die groep, naamlik Justisie, Misdaadvoorkoming en Sekerheid (JMVS). Die GVF word onderskei van die GPF deur sy take. (1)

6.4 Om ’n situasie te vermy waar die polisie die misdaadvoorkomingsinisiatiewe in ’n gebied oorheers, en aan die publiek voorskryf wat gedoen behoort te word en hoe dit gedoen behoort te word. (1)

6.5 Ja.
’n Belangrike verantwoordelikheid van ’n GPF is om seker te maak dat die onderlinge verhoudings tussen die SAPD en die gemeenskapslede gesond en op ’n stewige grondslag is. Deur lede van die GPF toe te laat om die SAPD by te staan, kan die lede van die gemeenskap meer geneig wees om reëls en regulasies na te kom, aangesien hulle dit makliker sal aanvaar as lede van hul eie gemeenskap na hulle omsien. (3)

6.6
- Deur enige verdagte aktiwiteite of optrede in hul gebiede waar te neem en dit so gou moontlik vrywillig by die polisie aan te meld
- Deur by die Suid-Afrikaanse Polisiereserviste aan te sluit
- Deur by die gemeenskapspolisiëringsforum (GPF) aan te sluit, daarin te dien en vergaderings by te woon
- Deur as informante inligting te verstrek aan polisieondersoekers nadat misdade gepleeg is, en sodoende misdaadondersoekers te help om misdade suksesvol op te los
- Deur by hul gebied se private buurtwag aan te sluit (5)

[15]

VRAAG 7

7.1 7.1.1 Interregeringsgeskil (1)

7.1.2
- 'n Staatsorgaan wat in interregeringsgeskil betrokke is, moet alle redelike pogings aanwend om die geskil te besleg deur middel van meganismes en prosedures wat vir die doel voorsien is, en moet alle ander middele uitput voordat hy 'n hof nader om die geskil te besleg.
- Indien 'n hof nie tevrede is dat daar aan die bostaande vereistes voldoen is nie, kan hy 'n geskil na die betrokke staatsorgane terugverwys. (2)

7.2 7.2.1 Die gebruiklik instellings of strukture, of gebruiklike stelsels of prosedures van regering, wat deur tradisionele gemeenskappe erken, benut of beoefen word. (1)

7.2.2
- Die Grondwet.
- 'Traditional Leadership and Governance Framework Amendment Act' 23 van 2009
- Wet op die Nasionale Huis van Tradisionele Leiers 22 van 2009
- Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture 117 van 1998

(Any 2 × 1) (2)

7.2.3
- Bevorder die rol van tradisionele leierskap in die grondwetlike bedeling.
- Bevorder nasiebou.
- Bevorder vrede, stabiliteit en samehorigheid van gemeenskappe.
- Ontwikkel, bewaar en bevorder kultuur en tradisies van gemeenskappe.
- Oorweeg parlementêre wetsontwerpe wat deur die sekretaris verwys word.
- Neem deel aan interregeringstrukture en adviseer die nasionale regering.
- Doen aanbevelings oor enige saak wat die regering benodig.

(Enige 3 × 1) (3)

7.3.1
- Die begeerte om misdaad te pleeg (3)

- Die geleentheid om misdaad te pleeg
- ’n Kombinasie van begeerte en geleentheid

7.3.2 Die begeerte om misdaad te pleeg:

- Sommige kriminoloë en sielkundiges is van mening dat ’n persoon gebore kan word met die begeerte om misdade te pleeg.
- Die manier waarop hulle grootgemaak is, speel ’n belangrike rol in ’n persoon se begeerte om misdaad te pleeg wanneer hulle die jeugdige of volwasse stadium bereik.

Die geleentheid om misdaad te pleeg:

- ’n Misdaad kan slegs gepleeg word as die geleentheid om sodanige misdaad te pleeg bestaan.
- ’n Persoon kan oorloop van begeerte om ’n misdaad te pleeg, maar as die geleentheid om sodanige misdaad te pleeg hom nie voordoen nie, kan sodanige persoon nie ’n misdaad pleeg nie.
- As ’n persoon wat nie misdaad wil pleeg nie die geleentheid waarneem om misdaad te pleeg, kan hy of sy verlei word om die geleentheid aan te gryp en daardie misdaad te pleeg, hoewel hy of sy dit andersins nie sou doen nie.

’n Kombinasie van begeerte en geleentheid:

- Dit is duidelik uit die bostaande voorbeelde dat sowel die begeerte as die geleentheid om misdaad te pleeg moet bestaan voordat ’n misdaad suksesvol gepleeg kan word. (3)

[15]

TOTAAL AFDELING C: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

VRAAG 8

			Drie arms (Trias politica)		
			Wetgewende gesag	**Uitvoerende gesag**	**Regsprekende gesag**
Drie regeringsfere	**Nasionaal**	**Samestelling**	Parlement (verkies met nasionale verkiesing) Nasionale Vergadering (NV) het 350–400 verkose verteenwoordigers; Nasionale Raad van Provinsies (NRP) 90 verteenwoordigers (10 per provinsie)	Kabinet: President, adjunkpresident, verskeie ministers	Verskillende howe oor die land heen
		Funksies	Maak, wysig en skrap nasionale wette, en hou uitvoerende gesag verantwoordbaar	Beplan/formuleer nasionale wette en stel wette wat aangeneem word in werking	Besluit oor geskille waar wette oortree is en besluit oor straf
		Voorbeelde	NV en NRP maak wette soos die wet op staatsinligting	Stel wette in werking en bestuur die land deur middel van departemente soos Binnelandse Sake en die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD).	Konstitusionele Hof Hoogste Hof van Appèl Hoë Howe (11) Landdroshowe Distrikshowe Spesiale howe (bv Klein Eise, Arbeid, ens) Tradisionele howe
	Provinsiaal	**Samestelling**	30–80 lede verkies op afsonderlike stembrief by nasionale verkiesing	Premier en uitvoerende raad (5–10 lede verkies uit provinsiale wetgewer deur premier)	
		Funksies	Maak provinsiale wette	Beplan/formuleer provinsiale wette en stel wette wat aangeneem word in werking	
		Voorbeelde	Wette oor provinsiale onderwys of sport	Stel wette in werking en bestuur die provinsie deur middel van departemente soos die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD)	
	Plaaslik	**Samestelling**	Munisipale raad (Verkies by munisipale verkiesing): Volledig proporsioneel OF 50/50 proporsioneel verkies en wyksverteenwoordiger	Munisipale raad: burgemeester en uitvoerende komitee OF uitvoerende burgemeester en burgemeesterskomitee (10).	
		Funksies	Vaardig verordeninge vir verskillende munisipaliteite uit	Beplan/formuleer verordeninge en stel dié wat aangeneem word in werking	

[20]

Kopiereg voorbehou

		Voorbeelde	Verordeninge oor straathandel en eiendomsbelastings	Stel wette in werking en bestuur die munisipaliteit deur middel van departemente soos Finansies	

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou